

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 3 DESEMBER 2014 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 10/2014

1. OPENING EN VERWELKOMING

Charl Coetzer open die vergadering met Gebed. Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig, in besonder Raadslid Gerber en Raadsheer Kalie Smit. Die Voorsitter bedank die komitee vir hul bereidwilligheid om teenwoordig te wees. 'n Besondere stuk word deur die voorsitter voorgelees.

2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	(Voorsitter)	Tergniet
Mike Wray	(OVS)	Tergniethoogte
Len Rauch		Tergniet
Lavinia Lunow		Fraai Uitsig
Charl Coetzer		Fraai Uitsig
Des Muller		Riverside
Johan Lotter		Reebok(bo spoor)
Chris Pretorius		De lange Uitbreiding
Ray Saul		Reebokhoogte
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Frik Nel		Reebok Rif & Bewarea
Pieter Le Roux		Klein Brakrivier
Johann Muller		Reebok (Onder die Spoor)
Annatjie J van Rensburg	(Sekretaresse)	Eureka Park1

2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kalie Smit - Raadslid Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber - Raadslid Wyk 5

2.3 Afwesig met verskoning

Frans de Graaff	Bou Inspekteur
Lydia Havenga	Bewarea
Rozain Hansen	Munisipaliteit
Charl de Wet	Klein Brakrivier
Terry Terblanche	SAPS GBR
Donovan Claassen	Toekoms

2.4 Voorstel. Len Rauch vra dat die maandelikse vergaderings van Woensdae na Dinsdae verskuif kan word as gevolg van Terry Terblanche se werkskedule. Die voorsitter meld dat die opsie oopgehou kan word.

3. LIEF EN LEED

Des Muller (20/12) en Frik Nel (12/12) word hartlik geluk gewens met hul verjaarsdae.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van vorige vergadering word deur Frik Nel goedgekeur en gesekondeer deur Len Rauch.

5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 MBBV& B Jaar datums & AJV Reëlings

Die algemene vergadering vindplaas op 22 Desember 2014 om 10:00 in Reeboksaal. Bestuur sal 9:30 by Reeboksaal teenwoordig wees.

Len noem dat die Buurtweg 'n geslote vergadering beplan. Hy vra of die Buurtweg en MBBV kan saamval by die vergadering. Die voorsitter stel voor dat die Buurtweg soos voorheen 'n spreekbeurt by die Algemene MBBV vergadering kan kry.

Advertensie is reeds uitgestuur, sowel as eposte wat sal volg. Die voorsitter noem dat die Grondwet uitgegee sal word sodra hy en Kruger de Wet 'n paar veranderinge aanbring. **Aksie: Anton en Kruger**

Lidmaatskap: Die voorsitter stel voor R30.00 per jaar op vrywillige lidmaatskap wat op Algemene vergadering besluit kan word. Raadslid Gerber meld dat die MBBV 'n baie goeie 'Brand' MBBV het en solank die organisasie net funksioneer. Die voorsitter stel voor dat alles dieselfde bly. Kruger beaam stelling en meld dat ons positief moet wees en ons 'n donasie kultuur moet uitleef. Ons moet net nuwe besonderhede van lede kry.

Die Grondwet en lidmaatskap bly dieselfde.

5.2 Futureworks PP Brief – Kleinbrak Estuary

Die voorsitter stel voor dat alle insette voor 22 Desember 2014 ontvang moet word. Kruger de Wet vra wat het van die insette van die komitee geword. Die voorsitter stel voor dat die insette voor Januarie 2015 deurgegee moet word.

5.3 Midbrak Ontwikkeling Item 1 Aktiwiteitslys

Geen verdere informasie is ontvang nie asook geen aansoek by Munisipaliteit is ingedien nie. Item 1 staan oor na Mei 2015. **Aksie: Anton & Kalie**

5.4 Regsake Item 2: Tennisbane

Anton sal navrae aan Munisipaliteit rig. **Aksie: Anton & Annatjie**

5.5 Item 4,5,6,7 & 8 op Aktiwiteitslys

5.5.1 Item 4 – MBBV & B AJV. Reeds bespreek onder punt 5, haal van aktiwiteitslys af.

5.5.2 Item 5 - Moontlike uitbreiding van MBBV Midbrak Area: Eureka Park en Suiderkruis ook in te sluit by MBBV. Sal bespreek tydens AJV, haal van aktiwiteitslys af.

5.5.3 Item 6 - R102 - Skoonmaak van sypaadjies – Eden Distrik Munisipaliteit. Saak afgehandel, Minister van Transport aksie geneem na MBBV & B versoek. Haal af.

5.5.4 Item 7 - Kusweg – rigting Kleinbrak: Kompaktering van informele voetpad vanuit Reebok na Kleinbrak. Saak sal aandag geniet deur Parke Afdeling tydens Vakansie Seisoen skoonmaak aksies. Haal af.

5.5.5 Item 8 - Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens. Aksie deur Altus Eitner MM geneem, haal af.

5.6 MBBV & B Afskeid.

Lede stel voor dat daar n verwelkomings funksie volgende jaar gereel word.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

6.1 MBBV & B Verdienste Sertifikate

Bertie Supra (Hoof Bou Inspekteur) en Abdul Coleridge (GBR Bou Inspekteur) sal deur voorsitter genader word oor hul 2013 sertifikate tydens die AJV in ontvangs te neem. Haal af. Die volgende nominasies word goedgekeur vir sertifikate:

GPF Voorsitter – Johann Muller
Midbrak Vriendskapsklub – Magda Reiksen
Midbrak Tuinbouklub – Elma Naude
Powertown Buurtwag – Colin Safers (Polisie Sektor Geskenk)
Wendy Wiles – Honde op Strand Inisiatief
Altus Eitner – Engineer Mosselbaai Munisipaliteit
Ina & Kobus Blom – Reebok Mark
Grootbrakrivier Akademie – Ansie Gerber (Voorsitter) & Willie Liebenberg (Prinsipaal)
AO Terry Terblanche – SAPS Grootbrakrivier

6.2 Honde op strande

Wendy Wiles doen uitstekende werk met haar werksaamhede en motivering oor honde op strande Inisiatief.

6.3 MBBV & B Webtuiste

Die Webtuiste is opdatum.

6.4 Houtrappe Kusweg 5de en 6de laan.

'n Skrywe sal aan Munisipaliteit gerig word. **Aksie: Annatjie**

6.5 Grondwet hersiening.

Verwys na punt 5, reeds bespreek, haal af.

6.6 R102 – Skoonmaak van Sypaadjies

Saak afgehandel, haal af.

7. BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS

Mike Wray doen verslag dat dit baie insiggewend was. 'n Punt wat wel aandag geniet het was die honde op strande.

Charl de Wet maak melding van die Voetslaanpad by Reebok. Munisipaliteit gee reeds aandag.

8. WYKSKOMITEES - Wyke 4 en 5

Geen terugvoer.

9. PROJEKTE

9.1 Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/monitering

9.1.1 Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens.

Saak in De Jager straat afgehandel.

9.2 Hersiening van straatname in die gebied en kartering van nuwe uitbreidings.

Len maak melding dat straatname 'n proeflopie is. Name kan in areagebied nie dieselfde binne 2,5km radius wees nie. Dis die korrekte proses om te volg en is langtermyn projek om te voltooi.

9.3 Skoonmaak van erwe

Johann Muller het baie goeie samewerking met die Munisipaliteit, maar die werkers maak net aan die eenkant skoon. Die Voorsitter stel voor dat Parkeraad uitgenooi word om die sake uit te wys en te bespreek. Die voorsitter beklemtoon ons moet die sake beheer en bestuur. Kruger de Wet stel voor dat bosse by Impala in R102 moet oopgemaak word. **Aksie: Annatjie, Johann & Anton**

9.3.1 Oop erf tussen Reeboksaal en die Superette.

Verwysingsnr 1258040 is volgens Munisipaliteit op 3 September 2014, afgehandel, maar volgens komiteelid is net een vrag opgelaai, terwyl erf

steeds werk nodig het. Die voorsitter stel voor dat Rozain genader moet word om die saak te hanteer. **Aksie: Rozain**

9.3.2 Kusweg Kleedkamers.

Afgehandel, haal af.

9.4 RAMPBESTUUR

Raadsheer Kalie Smit stel voor dat Rozain gekontak word vir Nuutste finale Rampbestuur plan afskrif.

10. FINANSIES

Onveranderd. Silas is R595.00 betaal vir die jaarlikse webtuiste.

11. POLISIERING/BUURTWAG

Len Rauch doen verslag dat hy AO Terry besoek het. AO Terry noem dat die meeste CCTV wat ge-installeer is, gehalte is baie swak. Len beveel aan dat as aankope gedoen/ of installeer word, moet dit eers getoets word. Buurtwag het R5,500.00 se kameras aangekoop en dit het steeds baie komplikasies.

Veiligheidspamflette word aan elke komiteelid uitgedeel. Die voorsitter se aanbeveling is dat inwoners pamflette moet kry.

12. BEWAREA

Onveranderd.

12.2 Projekte. Skilpaaie data statistiek word as projek voorgestel

12.3 Rivier Forum Kleinbrakrivier. By vorige vergadering is verslag gegee.

12.4 Witdoodhaai en Walvis Navorsing. Staan oor.

13. PLAASLIKE SAKE

13.1 De Lange Uitbreiding (Chris & Ann)

Die Munisipaliteit sal weer gevra word om ingang en pad by De Lange/R102 oop te sny. **Aksie: Anton & Annatjie**

13.2 Fraai Uitsig (Charl & Lavinia)

13.2.1 Twee straatligte in Aliwal-Suidstraat buitewerking.

Aksie: Lavinia (SMS)

13.2.2 Seashell - 3 Rondawels aan die Spar se kant moet skoongemaak word. Brief sal gestuur word.

Aksie: Annatjie

13.2.3 Wandelpaadjie in Kusweg, een steen is deur Charl afgesny en reggemaak. Munisipaliteit moet aandag gee.

13.2.4 Die voorsitter stel voor dat Abrie Nel genader word om Park areas skoon te maak.

Charl Coetzer bedank die Munisipaliteit vir Impala se teerpad.

13.3 Klein Brakrivier (Pieter & Charl)

Die voorsitter meld dat versoek deurgegee is oor die Melkhoutbooms wat omgeval het in Louis Fourie Straat. Dit is opgetel met vinnige terugvoering en opgesaag. Afgehandel.

13.3.1 Blouvlagstatus. Die voorsitter sal skrywe rig wanneer kan die vlag gehys word. Die punt word goedgekeur deur komitee. Kruger de Wet meld dat takke wat droog is, sigbaar is, brand gevaar. Gebreekte sementpale versoek is in proses. Die voorsitter sal skrywe rig om Bord op te volg.

Aksie: Anton & Pieter

13.4 Reebok

13.1.1 Noord van die Spoorlyn (Johann).

Die Reebok Groentemark bied baie vir Midbrak se inwoners asook Toerisme vir baie jare al. Sy dra al die kostes van die projek. Die voorsitter nomineer Ina Blom vir sertifikaat toekenning by AJV.

13.4.2 Suid van die Spoorlyn. (Johan Lotter)

Raadsheer Kalie Smit maak melding van boumateriaal in Kusweg. Frans De Graaf het reeds aandag gegee.

Slaggate is in Olckersstraat en Munisipaliteit moet gate toemaak.

13.5 Reebokhoogte (Kruger & Ray)

13.5.1 Koraalsingel 43. Frans De Graaf moet terugvoer gee. **Aksie: Frans De Graaf.**

13.5.2 Die pad fondasie in Oesterlaan tot by Seester is swak en kort seël laag. Sekretaresse sal skrywe rig. Kobus van der Nest en Andre Strauss (Munisipaliteit) het die strate baie deeglik skoongemaak. Sekretaresse sal bedanking rig. **Aksie: Annatjie**

13.5.3 Die groen strook op die hv Impala/Seester moet skoongemaak word. Deel van Vakansie Seisoen aksies.

13.5.4 Elektriese houers se slotte sal deur die voorsitter met Munisipaliteit opgeneem word. **Aksie: Anton**

13.6 Reebokrif (Frik)

Klagte deur komitee dat onkruid/plante eerder met gif gespuit word en grawe wat huidiglik gebruik word die paaie beskadig. 'n Aanbeveling van komitee is dat Hildegardestraat gespuit moet word. **Aksie: Annatjie**

13.7 Riverside (Des & Terry)

Des meld dat die gras gesny is en baie positief is aangesien meer mense die gebied besoek.

Johann Muller meld dat 'n waarskuwingsteken voor sloot opgesit is, reg geplaas is.

Aflewering en verkope kry in Riverside 'n hupstoot en moet gestop word, teen die Munisipale Regulasie. Skrywe moet aan 'Knock en Drop' gerig word. **Aksie: Annatjie**

13.8 Tergniet (Len & Anton)

Johann Muller vra dat Mullerstraat ook gespuit word vir onkruid en nie met graaf bewerk word nie.

13.9 Tergniethoogte (Mike)

Mike Wray noem dat die twee betrokke huiseienaars bymekaar gekom het en vrede gemaak het.

Impala/Erf 786 hou swaar takke 'n gevaar in en skrywe sal aan Munisipaliteit gerig word. **Aksie: Annatjie**

13.10 Toekoms (Donovan)

Die voorsitter doen verslag namens Donovan dat die gebied uitstaan en hulle sit met 'n voortreflike area. Baie dankie aan die inwoners wat saamstaan om hulle area skoon en netjies te hou.

13.11 Eureka Park (Annatjie)

Die paaie is voltooi. Die pad in Duineweg vir opgradering is goedgekeur, maar 2 huiseienaars maak beswaar.

14. KORRESPONDENSIE

Geen

15. ALGEMEEN

Die voorsitter wil graag Wendy Wiles nomineer en nooi om deel te word van MBBV & B en die Bewarea projekte bedryf. Frik Nel het bedank as Bewarea Verteenwoordiger weens persoonlike druk werksprogram en bly steed aan as

Reebok Rif Verteenwoordiger. Anton noem dat elke Verteenwoordiger ook teenoor Bewarea 'n verantwoordelikheid het.

Die voorsitter het Frik bedank en waardeer dat hy nog deel van MBBV is. Frik en Buks het groot verskil by Bewarea gemaak en kan nog altyd insette gee.

16. VOLGENDE VERGADERING

Die AJV vind plaas op 22 Desember 2014. Die eerste Vergadering volgende jaar vind eers op 04 Februarie 2015 plaas om 13h00

Hiermee verdaag die vergadering om 15h00.

**ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG
SEKRETARESSE**

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 01/2015 GEHOU OP
04 FEBRUARIE 2015 OM 13:00.

**ANTON DELLEMIJN
VOORSITTER**